Gedigte

# SKINDERBEK




"Jy praat te veel!"
sê Slangetjie Snip
Vir 'n groot krokodil
wat lê en bak op 'n klip

*"Hou tog 'n slaggie*
*jou bek 'n bietjie stil,*
*van al jou geskinder*
*wil ek al gil!"*

*"Ag so," sê die reus,*
*en sy stem klink dik:*
*"dink jy miskien*
*dat ek vir jou skrik?"*

Drie maal draai hy
sy slap lyf styf
en bring so 'n einde
aan die reus se gekyf.

Krokodil raak benoud,
hy wil ampertjies verstik:
sê tot laataand nie 'n
woord nie
— hy het sy tong ingesluk!
(*Uit: 101 Diereverhale)*

Maar kyk net hoe mik
klein slangetjie sy lyf
dat hy om die krokodil
se kakebeen krul!




<u>Vragies</u>

1. Hoe het die slangetjie die krokodil stil gekry?
2. Hoekom wou die slangetjie hê die krokodil moet stilbly?
3. Watter verskille en ooreenkomste is daar tussen 'n krokodil en 'n slang? Onthou jy DIE een: albei is REPTIELE! Wat nog??
4. Noem nog drie maniere hoe jy dink jy 'n krokodil kan stil kry?
5. Wat sou jy doen om te sorg dat meer mense van slange hou? Noem ten minste drie dinge!
6. Hoe voel JY oor mense wat skinder?

++

7. Skryf alles neer (nie meer as tien feite) wat jy van slange en krokodille af weet!